SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2016

## GRAAD 10

## EKONOMIE

## VRAESTEL 2

## MEMORANDUM

**19 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 2)**

**MEMORANDUM**

---

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 **MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

1.1.1 B ✓✓ as die prys styg sal die hoeveelheid aangebied styg

1.1.2 C ✓✓ Maksimum prys

1.1.3 B ✓✓ Maklike toetrede en uittrede in die mark

1.1.4 A ✓✓ Vakleerlingskapooreenkomste

1.1.5 C ✓✓ Regstellende aksie

1.1.6 A ✓✓ Inflasie

1.1.7 A ✓✓ Arbeidsproduktiwiteit

1.1.8 B ✓✓ Regerings subsidies

**(8x2) (16)**

1.2 **PAS ITEMS**

1.2.1 B - Metode wat gebruik word om die verhouding tussen werkgewer en werknemer te hanteer ✓

1.2.2 E - Alle ander dinge bly dieselfde ✓

1.2.3 A - As verbruik styg, sal die nut van die produk daal ✓

1.2.4 F - Handves van Regte ✓

1.2.5 C - 'n Regerings stelsel wat werkers beskerm tydens werkers vermindering ✓

1.2.6 I - V ✓

1.2.7 D - Mense met hoë vaardigheidsvlakke, wat in lae besoldigings poste werk of hulle werk minder ure as wat hulle graag wil werk✓

1.2.8 G - Klein, Medium en Makro ondernemings ✓

**(8x1) (8)**

1.3 **KONSEPTE**

1.3.1 BBBEE Broad Based Black Economic Empowerment Act No. 53 of 2003 ✓

1.3.2 Begrotings lyn ✓

1.3.3 Perfekte/ Volmaakte mark ✓

1.3.4 Minimum loon ✓

1.3.5 Ontwikkelings Bank van Suider-Afrika (DBSA) ✓

1.3.6 Eksternaliteite ✓

**(6x1) (6)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige **TWEE** vrae uit hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 2 [MAKROEKONOMIE]** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

**2.1 Antwoord die volgende vrae.**

2.1.1 **Noem TWEE faktore wat die waarde van ’n produk bepaal.**

- Nut ✓
- Vraag ✓
- Aanbod ✓
- Natuurlike sikliese verandering ✓ Any (2x1)(2)

2.1.2 **Watter stelling maak die marginale koers van substitusie?**

Die dalende helling van die onverskilligheidskurwe dui die koers aan waarteen die verbruiker bereid is om ’n klein hoeveelheid van een produk op te offer vir ’n bietjie meer van ’n ander produk – genoem GKS√√ soos laer beweeg van links na regs daal die GKS koers. ✓✓ (1x2)(2)

**2.2 Data respons**

2.2.1 **Verduidelik die term produksiemoontlikheidskromme**

'n Diagram wat aantoon watter kombinasie van 2 verskillende produkte geproduseer kan word, gegewe die beperkte beskikbaarheid van produksie faktore ✓✓ (2)

2.2.2 **Wat vind plaas by punt B in vergelyking met punt A?**

Punt A is onekonomiese aanwending van produksie faktore (nie alle beskikbare produksie faktore word aangewend nie). ✓✓
Punt B – alle beskikbare produksie faktore word optimaal aangewend. ✓✓ (4)

2.2.3 **Watter TWEE voorwaardes moet ’n besigheid nakom ten einde om produktiewe effektiwiteit te bereik.**

Laagste eenheidskoste ✓✓ en soortgelyke marginale koste ✓✓ (4)

**2.3 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

2.3.1 **Voorsien die aanhaling van 'n gepaste opskrif.**

Suid-Afrika se toekomstige vraag na voedsel. ✓
(Aanvaar enige relevante antwoord.) (1)

2.3.2 **Gee TWEE redes waarom die vraag na landbouprodukte mag styg.**

- Styging in verbruiker se inkomste. ✓
- Styging in prys van substituut produkte. ✓
- Daling in die prys van komplimentêre produkte. ✓
- Styging in bevolkingsgetalle. ✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.) Any (2x1)(2)

2.3.3 **Verduidelik wat met die vraagkurwe sal gebeur as daar 'n verandering in vraag van voedsel produkte plaasvind.**

'n Beweging op die vraag kurwe ✓✓ (2)

2.3.4 **Hoekom koop mense meer as pryse daal?**

Om behoefte bevrediging te maksimaliseer. ✓✓
Spandeer meer van hulle inkomste op verlaagde produkte pryse.✓✓ (1x2)(2)

2.3.5 **Wat word deur die Wet van Vraag bedoel?**

- Inwaartse verhouding tussen prys van produk en hoeveelheid gevra van die produk. ✓✓
- Hoe hoër die prys hoe laer die vraag. ✓✓
- Hoe laer die prys hoe hoër die vraag. ✓✓ (3)

2.4 **Bespreek inkomste subsidies en produksie subsidies.**

**Inkomste subsidie**

- Subsidie van mense deur oordragbetalings ten einde hulle in staat te stel om minimum lewensstandaard te handhaaf √√
- bv. Ouderdoms pensioene, kinder toelae, werkloosheidsversekering. √ (2x2)(4)

**Produksie subsidie**

- Subsidiering van verskaffers deur regering om hulle aan te moedig om produksie te verhoog. √√
- Om finansiering verliese gedeeltelik te vergoed aan te moedig om teen laer koste te bly produseer. √√ Bv. Subsidies op landbouprodukte. √ (2x2)(4)

2.5 **“Die vorm van die onverskilligheidskromme word veroorsaakdeur die verskuiwing van die voordeel van marginale nut van een produk na ’n ander.”**

**Evalueer die stellingdeur die algemene karaktereienskappe van die onverskillheidskromme te verduidelik.**

- Indifferensiekurwe daal van links na Regs – dui die koers aan waarteen die verbruiker bereid is om een produk met ’n ander te vervang en steeds tevrede sal wees. √√
- Hoër kurwes geniet voorkeur bo laer kurwes – verbruikers verkies eer van een produk eerder as minder daarvan. √√
- Indifferensiekurwes kruis nooit en raak nooit – alle kombinasies van produk A en B lewer selfde vlakke van bevrediging. √√
- Verbruiker wil graag meer van Produk A en B koop dus soek hoogste moontlike kurwe. √√
- Indifferensiekurwe buig inwaarts – verteenwoordig grens koste van substituut produkte. √√ (2x4)(8)

**[40]**

**VRAAG 3 [KOMTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES] 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 **Beantwoord die volgende vrae:**

3.1.1 **Noem TWEE aspekte van die menslike hulpbron ontwikkeling**

- Strategie ✓
- Onderwys ✓
- Opleiding ✓
- Gelyke indiensneming ✓ Enige (2x1)(2)

3.1.2 **Wat is die bedoeling van ’n konvensie?**

Lid lande pas standaarde en ooreenkomste toe en gebruik dit as riglyne vir die daarstel van wette en regulasies wat wetlik afdwingbaar is.. ✓✓ (1x2)(2)

3.2 **Bestudeer die spptprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

3.2.1 **Waarvoor staan die afkorting *COSATU*?**

Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde (Congress of South African Trade Unions) ✓ (1)

3.2.2 **Verduidelik die begrip “situasie van die werkers”.**

Dit dui op ’n situasie wat gevaarlik kan wees, moeilik kan wees, ongewens kan wees.✓ (1)

3.2.3 **Wat dink jy is die wetlike verantwoordelikhede van ’n vakbond federasie soos COSATU?**

Vorm deel van arbeidsgroep in Nedlac. ✓✓ Verteenwoordig die belang van lede asook die belange van die staat. ✓✓ (2x2)(4)

3.2.4 **"Die KKMA is deel van die kollektiewe onderhandelings- en dispuutoplossings proses."**

**Vergelyk konsilliasie en mediasie, as deel van die bogenoemde proses in tabel formaat.**

| Konsiliasie | Mediasie |
|---|---|
| Vrywillige proses tussen werkgewer en werknemer.<br>Bemiddelaar word deur KKMA aangestel. √√<br>(1x2) (2) | Behels dienste van aanvaarbare, onpartydige en neutrale derde party om te help met dispuutoplossing bemiddelaar geen eie gesag nie en neem nie besluit nie. √√<br>(1x2) (2) |

3.3 **Bestudeer die uitreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

3.3.1 **Verduidelik die term *restitusie*.**

Regstelling of vergoeding van iets wat verkeerd was in die verlede of grief van die verlede. √√ (2)

3.3.2 **Wanneer was die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou?**

27 April 1994 ✓✓ (2)

3.3.3 **In jou opinie hoe is die inkomste in Suid-Afrika verdeel?**

Baie ongelyke verdeling√√

(2)

3.3.4 **Noem VIER hoof areas van die makro-ekonomiese doelwitte.**

Werkskepping √, Verminder armoede√, Verminder ongelykheid √, Verhoog welvaart. √ (4x1)(4)

3.4 **Beskryf kortliks TWEE stappe wat die regering geneem het in die demokratisering van die ekonomie sedert 1994.**

- **Arbeidswetgewing**
- Arbeids geleentheid om opinie te lig oor onderneming se beleid √√
- Deelname aan werksplek forums √√
- **Openbare verhore** √√
- Parlementêre proses maak voorsiening vir verskeie komitees.
- Belangrike kwessies word gedebatteer. Privaat persone kan aansoek doen om te getuig by so komitee. √√
- Maak aanbevelings. √√
- **Nedlac** – Nasionale Ekonomiese Ontwikkelings en Arbeids raad bestaan uit verteenwoordigers van regering, besighede, arbeid en ontwikkelings organisasies gestig in 1994. √√
- Debatteer kwessies en bereik ooreenstemming (konsensus) voordat na die Parlement gaan. √√
- **Selfregulerende liggame** – groot aantal deur regering gestig.√√
- Hierdie rade of komitees is saamgestel uit lid verteenwoordigers√√ en regerings verteenwoordigers√√.
- Bv. Raad van finansiële dienste √ (4x2)(8)

3.5 **Verduidelik die magte van die arbeidshof.**

- Kan enige skikkingsooreenkoms of arbitrasie beslissing in hofbevel meng √√
- Word verplig om te doen wat hof besluit√√
- Hersiening van arbeidsarbitrasie beslissing.√√
- Dispuut tussen werkgewer, werknemer besleg √√
- Vergoeding toeken vir skade gelei √√ (4x2)(8)

**[40]**

**VRAAG 4 [MIKRO EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES]**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

**4.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**4.1.1 Noem TWEE tipes indirekte belastings.**

- BTW√
- Doeane belasting√
- Aksyns belasting√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.) (Enige 2x1) (2)

**4.1.2 Wat is die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid?**

Betaling na werknemers wat beserings opgedoen het terwyl in diens was by die werkplek√√ bv. ongeskiktheid dood.√ (1x2)(2)

**4.2 Data respons**

**4.2.1 Waarvoor staan die afkorting *OWP*?**

Openbare werke program√√ (2)

**4.2.2 Noem TWEE vlakke van die regering wat openbarewerke programme geïnisieër het.**

- Nasionaal√
- Provinsiaal√✓
- Plaaslik√ (Any 2x1)(2)

**4.2.3 Verduidelik in jou eiewoorde wat word bedoel met ʼn openbarewerke program.**

- ʼn Regerings program om mense tydelik in diens te neem.
- Skep fisiese, sosiale en ander infrastruktuur bv. Sonskrag verhitting en energie doeltreffende beligting.√√ (Enige 1x2)(2)

**4.2.4 Verduidelik vanuit die spotprent, hoe OWP beoog om armoede te verlig.**

- Werkskepping vir vroue, jeug en gestremdes.√√

- Identifiseer planne en skepping van programme soos sonkrag waterverwarmers, isolasie van plafonne energie doeltreffende beligting in meer as 2000 lae koste huise.√√ (2x2)(4)

**4.3 Data respons**

**4.3.1 Na aanleiding van die artikel wat is die doel van OPUL?**

Produseer derde van wêreld olie produksie√ (1)

**4.3.2 Indien OPUL die produksie en prys van die produkbeheer, wattertipe mark word daar van gepraat?**

- Onvolmaakte mark/oligopolie √ (1)

**4.3.3 Gee die karaktereienskappe van die mark soos geidentifiseer in Vraag 4.3.2.**

- Daar is relatief min verkopers.√√
- Toegang tot mark is beperk.√√
- Is prys vasstellers √√
- Markprys kan gemanipuleer word deur die verkopers.√√ (Enige 2x2) (4)

**4.3.4 Gee 'n opsomming van die implikasies vir die verbruiker indien OPUL die aanbod van olie laag hou.**

- Minder olie beskikbaar in mark.√√
- Verbruikers vra meer.√√
- Pryse sal styg.√√ (Enige 2x2) (4)

**4.4 Differensiëer tussen toewysings doeltreffendheid en *pareto*-doeltreffendheid.**

**Toewysing doeltreffendheid**

- Ten mate met verskillende kombinasies produksie van twee produkte
- Word bereik wanneer kombinasie smake en voorkeure van verbruiker weerspieël√√
- Hulpbronne in regte hoeveelhede gekombineer om verskillende goedere en dienste te produseer √√ (2x2)(4)

***Pareto*-doeltreffendheid**

- Word bereik wanneer produktiewe en toewysigings doeltreffendheid gelyktydig bestaan.√√
- Wanneer bestaande toewysing van hulpbronne nie moontlik is om te verander sodat iemand beter daaraan toe is sonder dat iemand ander slegter daaraan toe is √√ (2x2)(4)

**4.5 Die KKMA is ’n onafhanklikeinstelling gevestig in 1996 in terme van die arbeidsverhoudings wetgewing.**

**Verduidelik die funksies van die KKMA.**

- Bystand verlening met strlyting van werk plek forums.√√
- Gee advies en/of bystand aan party by ’n dispuut oor prosedure wat volgens wetgewing gevolg moet word. T.o.v. verkryging van regsadvies, -bystand en – verteenwoordigers. √√
- Maak reëls rakende vergaderings prosedures. √√
- Publiseer reëls rakende vergaderings prosedures. √√
- Publiseer reëls in Gazette. √√
- Adviseer partye aangaande prosedures om te volg tydens dispute√√
- Adviseer organisasies oor Arbeids wetgewing. √√
- Adviseer oor regstellende aksie. √√
- Adviseer oor seksuele werksplek teistering.√√ Enige (4x2)(8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

**Beantwoord slegs EEN van die volgende twee vrae in jou ANTWOORDBOEK.**

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | **Maks. 2 punte** |
| **Hoof gedeelte**<br>Bespreek in detail /in dieptebespreking / Vergelyk<br>Ontleed /Kritiese bespreking / Evalueer<br>Onderskei / Verduidelik /Asseseer /Debatteer<br><br>**Addisionelegedeelte**<br>Gee eie opinie/ Bespreek krities /Evalueer/ Evalueer krities/Teken grafieke / Verduidelik / Gebruik grafiek en Verduidelik /Voltooi gegewe grafiek. / Bereken / Lei af / vergelyk / Verduidelik / Ontleed / Debateer kortliks / Hoe? Stel voor / Gebruik inligting en argumenteer/ Debateer/ Evalueer | **Maks. 26 punte**<br><br><br><br><br><br>**Maks. 10 punte** |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige relevante hoër orde gevolgtrekking<br>• Kort samevatting<br>• Opinie of waarde oordeel<br>• Addisionele ondersteunende inligting<br>• Teenstrydige oogpunt<br>• Aanbeveling | **Maks. 2 punte** |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5 [MIKROEKONOMIE] 40 PUNTE – 40 MINUTE**

***"Die belangrikste enkele standpunt rakende markte is dat geen verhandeling plaasvind nie, tensy albei partye bevoordeel word."***

- **Bespreek die funksies van markte in die ekonomie krities en stel vas waarom mark mislukkings soms voorkom. (26)**
- **Maak aanbevelings oor moontlike stappe wat die regering kan neem om ten einde markmislukkings te voorkom of te beperk. (10)**

**[40]**

**INLEIDING**

ʼn Mark is ʼn plek waar kopers en verkopers ontmoet om goedere en dienste teen ʼn prys te verruil.√√

(Aanvaar enige relevante antwoord.)

**LIGGAAM**

- **Toewysing van hulpbronne** √
  - Indien genoeg kopers vir ʼn produk is sal genoeg hulpbronne toegewys word om produk te produseer. √√
  - Mark wys vervaardigers wat verbruikers wil he en hoeveel hulle wil hê. √√
  - Indien vraag na produk daal sal aanbod ook daal, sodoende bepaal mark wat geproduseer sal word √√
  - Ook bekend as toewysings funksie.
  - Toewysing van hulpbronne na verskillende goedere en dienste bepaal die prys. √√
  - Indien pryse van hulpbronne styg sal produsente vir alternatiewe soek. √√

- **Fasiliteer deelname** √
  - Stel deelnemers in staat om voordele van grootskaalse markte en laer pryse te benut. √√
  - Groot en mededingende mark laat kopers en verkopers toe om voordeel van massa produksie te benut. √√
  - In staat om in groot maat te koop ten einde koste laat te hou. √√

- **Bring vraag en aanbod bymekaar** √
  - Bring kopers en verkopers byeen en laat hulle ooreenstem oor prys van goedere en dienste wat die waarde van die produk weerspieël. √√
  - Kopers ding mee teen kopers om laagste prys te betaal aan verkoper. √√
  - Verkopers ding mee met verkopers vir hoogste prys. √√
  - Kopers ding mee met verkopers vir die beste opsie. √√
  - Kompetisie help om pryse stabiel te hou in die lang termyn. √√

- **Rantsoenering van Goedere en dienste** √
  - Kopers vra die meeste en is bereid om die prys daarvoor te betaal. √√
  - Rantsoenering moedig die beskerming van hulpbronne aan en ontmoedig die oormatige gebruik van skaars hulpbronne. √√

- **Selfregulering**√
  - Pryse deur vraag en aanbod bepaal. √√
  - Markte verg geen direkte inmenging of beheer deur eksterne magte. √√
  - Markte word deur onsigbare hand begelei wat verseker dat hulpbronne doeltreffend geallokeer word. √√
  - In die afwesigheid van markte sou 'n regulerende liggaam besluit oor produksie hoeveelhede en pryse neem terwyl markte die besluit outomaties neem. √√
  - Markte reflekteer wat verbruikers wil hê en verskaffers sal produseer wat verbruikers wil hê. √√

Hoekom misluk markte soms? Maksimum 5x4 (20)

**Onder voorsiening van goedere en dienste** √

- Daar is sekere goedere en dienste wat mense benodig maar mark meganisme voorsien nie genoeg daarvan nie. √√
- bv. Onderwys, hospitale, riolering, verkeersligte√

**Pryse en hoeveelhede produkte onredelik**√

- Pryse deur markmeganisme mag te hoog wees vir gemiddelde gebruiker bv. Brood.
- Aanbod mag nie genoeg wees nie wat lei daartoe dat die mense nie noodsaaklike produkte kry nie bv. Mediese sorg.

**Ongelyke verdeling van inkomste** √

- In mark ekonomie kan daar 'n ongelyke verdeling van inkomste en welvaart wees onder gemeenskap. √√

**Ekonomiese stabiliteit**√

- Sikliese fluktuasies vir ekonomiese aktiwiteite. √√
- Karakter van alle vrye mark ekonomie is die bestaan van resessies en uitbreidings (opswaaie) in ekonomiese aktiwiteit wat markmislukkings veroorsaak. √√ Maks 2x3 (6)

  (Maksimum 8 punte vir hoofopskrifte, subopskrifte en voorbeelde)

Maks 26

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Maak aanbevelings oor stappe wat die regering kan neem ten einde mark mislukkings te voorkom of te beperk.

- Staat verskaf openbare goedere dien dienste √√ bv. Elektrisiteit, skole. √
- Implementeer wetgewing om kompetisie aan te moedig en hoë pryse te verhoed. √√
- Verhoed die verkoop van nadelige produkte√√ bv. Sigarette aan kinders. √
- Beskerm werker deur maksimum werksure in te stel asook minimum lone.
- Spreek inkome gelykheid en regverdigheid aan deur beleide soos regstellende aksie toe te pas. √√
- Gebruik Nasionale begroting om huishoudings te beïnvloed in hoe hulle inkomste spandeer word. √√
- Verhoog indirekte belastings bv. Sonde belasting. √√
- Verskaf subsidies en belasting toegewings aan individue. √√ Bv. Enkel ouers. √
- Pas welsyn toelaes aan. √√
- Hou markte ingelig oor die gebruik van sekere goedere en dienste.
- Lig mense in oor effek van die gebruik van sekere produkte. √√ Bv. Advertensie op verpakking van sigarette wat gesondheid vraagstukke uitlig. √
- Loods openbare bewusmakingsveldtogte oor HIV/Vigs. √√ Maks 5x2 (10)

**SLOT**

Dit kan duidelik gesien word dat markte effektief funksioneer en dat alle deelnemers in die mark 'n rol het om te speel.√√
(Aanvaar enige hoër orde gevolgtrekking.) Maks 2

**[40]**

**VRAAG 6 [KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES]**

**40 PUNTE – 40 MINUTE**

**"Langtermyn werkloosheid word wêreldwyd gesien as ekonomies onaanvaarbaar."**

- **Bespreek die effek wat werkloosheid speel in die ekonomie, op die individue en in die politiek.** **(26 punte)**
- **Maak voorstelle aan die regering hoe werkloosheid opgelos kan word deur monetêre en fiskale beleid.** **(10 punte)**

**[40]**

**INLEIDING**

Werkloosheid verwys na mense in die totale ekonomiese bedrywige bevolking (EBB) wat nie gewerk het 7 dae voor sensus onderhand, wat wil werk en gewillig is om te werk en bereid is om binne ’n week te begin werk.√√

(Aanvaar enige relevante antwoord.) (Maks. 2 punte)

**LIGGAAM**

**1. Inpak op ekonomie.**

(a) Geleentheidskoste√

- Wanneer mense werkloos is beteken dit dat uitset wat kan plaasvind nie plaasvind nie.√√
- Regering laat nie by inkomste belasting en ander potensiële belasting soos BTW nie. √√
- Werkloosheid beteken ’n land gebruik nie al sy hulpbronne nie en produseer nie maksimaal nie. √√
- Produksie is binne produksie moontlikheidskurwe. √√ Maks. 2x2 (4)

(b) Reële koste√

- Regerings se reële koste hoër a.g.v. werkloosheids versekering betalings, en gesondheid en ander maatskaplike koste betaling bv. Misdaad bestryding. √√
- Kennis en vaardighede word teen groot koste verkry maar vinnig deur wanverbruik verloor. √√ Maks. 2x2 (4)

**2. Effek op individue**

- Veroorsaak dat lewens standaard daal is grootste gevolg van armoede in RSA. √√
- Mense met geen inkomste kan gedwing word tot misdaad om te oorleef. √√
- Affekteer vaardigheid en trots van mense. √√
- Werkloosheid verlaag waarde van menslike hulpbron kapitaal en verloor hulle vaardighede en word nie opgelei in moderne metodes van hulle vaardighede nie. √√
- Verlies in selfvertroue verminder ʼn persoon se kanse om weer werk te kry. √√
- Werkgewers gebruik tydperk wat jy werkloos is om deur aansoek te sif. √√

Maks. 5x2 (10)

**3. Politieke effek**

- Werkloosheid beïnvloed persepsies oor sukses of mislukking van die markekonomie. √√
- Persepsie bestaan dat mark ekonomie nie instaat is om werkloosheid op te los nie en kan selfs verantwoordelik wees vir werkloosheid.√√
- Verhoogde vlakke van frustrasie kan tot onrus lei en het politieke effek.√√
- Daar is ʼn persepsie dat Sosiale ekonomie slegs armoede produseer en geen welvaart.√√ Maks. 4x2 (8)

Maks. 26

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Maakvoorstelleaan die regering hoe werkloosheid opgelos kan word deur Monetêre- en Fiskale beleid.

**Monetêre beleid**

- Kan rente koerse verlaag. Laer rente maak krediet goedkoper dus kan verbruikers meer leen en meer spandeer.√√
- Rente koste op vorige lenings word minder wanneer rente koerse daal laat meer besteebare inkomste.√√

**Fiskale beleid**

- Kan fiskale beleid gebruik om ekonomiese groei te verhoog, produksie te verhoog en meer werkskepping.√√
- Begroot uit tekort kan meer geld in die ekonomie plaas as wat belasting onttrek uit die ekonomie.√√
- Kan belastings verlaag eerder as om vir tekort te begroot.√√
- Verbruikers en produsente het ekstra geld om te spandeer.√√

Enige 5x2 (10)

**SLOT**

Die impak van werkloosheid is so wyd lopend en plaas ŉ voortdurende demper op ekonomiese potensiaal wêreld wyd.√√

(Aanvaar enige relevante antwoord.) (Maks. 2)

**[40]**
**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**